+27 28 514 8500
info@swellenmun.co.za
swellenmun
www.swellenmun.co.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

Kennisgewing: Suurbraak – Opgradering van stygleiding, valleiding en hulpdienste

Daar vind tans 'n opgradering by die waterbehandelingsaanleg in Suurbraak plaas. Deel van die opgradering is om die skoonwater-reservoir aan die nuwe pompstasie te verbind. Die kontrakteur beoog om Donderdag, 09 September 2021 'n regstreekse waterpypverbinding by die Suurbraak-waterbehandelingsaanleg te doen.

Die verbinding sal tussen 08h00 en 14h00 op 09 September 2021 plaasvind. Geen onderbrekings in watertoevoer word verwag nie, maar inwoners kan 'n laer waterdruk en -vloei te wagte wees.

Inwoners word aangeraai om asseblief water spaarsaam te gebruik terwyl die verbinding plaasvind. Indien die regstreekse verbinding nie suksesvol is nie, sal die kontrakteur weer na die ou verbinding terugskakel, wat kan beteken dat daar 'n kort onderbreking in watertoevoer na die onderste deel van Suurbraak sal wees.

Die munisipaliteit sal sy bes doen om seker te maak dat daar geen ontwrigting in dienslewering is nie.

Ons maak staat op inwoners se geduld, begrip en samewerking.

Munisipale Bestuurder
A.M. Groenewald